NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

# tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Maart 2007 March 2007

## Redaksioneel

Ek wonder hoeveel invloed die huidige droogte/ hitte uitoefen op die produktiwiteit van mense in hierdie land van ons. Persoonlik vind ek dat die meeste van my entoesiasme vir die dag wat voorlê so teen tien uur die oggend reeds daarmee heen is. As ek dus, wonder bo wonder, dit maak tot so vyf uur se kant is my go regtig uit en sien ek nie meer kans om nog houtwerk vir my "plesier" ook te doen nie. Ek glo dat baie van ons lede ook soortgelyke gevoelens het. Die ongeluk is egter dat ons oor so 'n bietjie meer as 'n maand weer vir mekaar gaan begin vertel hoe koud dit is en dat 'n man mos nie kan werk as jy bibber van die koue nie.

The foregoing, as well as the chairman's plea for greater participation in projects, like Project Plank and the exhibition, forces me to remind everyone that excuses concerning the weather and time are not valid. We just have to admit to ourselves that the main problem lies with plain old laziness.

Mense, kom ons trap hierdie jaar vas en verbind onsself tot 'n ooreenkoms om tog maar iets te maak vir hierdie twee projekte. Met die relatiewe min deelname in die verlede het ons telkens goeie byeenkomste gehad, waar die paar deelnemers se werk bewonder kon word. Dink net hoeveel meer ons dit sal geniet met 'n baie groter deelname. Ek glo dat as jy jouself verbind daartoe dat jy iets sal maak, dan is daar 'n kans dat jy dit wel gaan doen. So kom ons sê nou aan die voorsitter, 'n vriend of aan jou vrou dat jy wel 'n ding gaan doen. Doen dit mondeling, of verkieslik op skrif, dan kan ons nou al beplan om jou deel te kry.

The last benefit of participation is the fact that you will have the opportunity to do something about your own hobby and thus experience the therapy of woodwork. (I did some turning, as a practice session for our participation at Hobby Ex, this morning until about 15h00. The temperature ended up at about 32 degrees, but I did not notice it as I was too engrossed with what I was doing. So, neutralise the heat (or cold or laziness) by doing something worthwhile.

## Progamme for March

- **Saturday, 10 March, at Izak van Niekerk's workshop. (Route descrition included) Anatomy of furniture.**
- **Wednesday, 21 March, at 09h00. Turners meet at the workshop of Sakki Hattingh. As this meet will be on a public holiday we will have lots of time for hands on training.**
- **Wednesday, 28 March at 18h00: Monthly meeting at the Botany Department, University of Pretoria. The theme for the evening is Safety in the workshop.**

## Vorige byeenkoms

Ons vorige byeenkoms, waar ons eerstens deur Prof Gerrit van Wyk toegepreek is, was weer eens 'n groot sukses. Die entoesiasme waarmee hierdie persoon sy liefde vir die maak en restourasie van viole aangebied het was 'n belewenis. Dit is so mooi om te sien wat 'n mens kan vermag as jy regtig wil betrokke wees by dit wat tog vir jou eie plesier is. Wat veral opgeval het is die feit dat al die werk verbonde aan die maak of restourasie van viole blykbaar nie soveel tyd in beslag neem as wat 'n mens sou verwag nie. Die spreker het ook aan ons 'n hele paar mites met betrekking tot viool maak afgemaak as onnodig, oorbodig of sommer net om snaaks te wees. Hy het dan ook met oorgawe genoem dat dit binne die vermoë van enige redelike houtwerker behoort te wees om ook viole te maak of te restoureer. Hy het ook homself bereid verklaar om van hulp te wees, sou enige iemand so 'n projek wou aanpak.

From the many questions coming from the audience it was clear that everybody's interest were touched.

We were then given a very relevant lecture/demonstration on grinding machines and grinding wheels. I believe that the gist of the matter was once again that you should buy the best you can afford. It hardly ever pays to try and save a few pennies when you buy tools and machines. The fact that woodworking tools should always be sharp was

emphasised. It was further stressed that real sharpness can only be achieved with proper sharpening equipment.

As enige van ons lede dit tans oorweeg om ‘n slypmasjien aan te skaf kan hulle gerus kyk na **Woolf-, Femco- of GMF-** masjiene, wat almal goeie waarde vir geld lewer. Tweedehandse winkels het soms van hierdie masjiene wat vir ’n goeie prys verkry kan word. Onthou egter om geskikte slypwiele (Aluminium oksied) vir so ’n masjien te kry aangesien die wiele waarmee die masjiene uitkom normaalweg vir baie growwe slypwerk bedoel is en gevolglik nie beitels ens ordentlik kan slyp nie!

## Volgende vergadering

Ons volgende vergadering is op 28 Maart om 18h00 by die Plantkunde Departement van die Universiteit van Pretoria. Die onderwerp wat tydens hierdie vergadering bespreek gaan word is Veiligheid in die werkswinkel.

## The Chairman’s piece

Tydens die eerste bestuursvergadering het die nuwe komitee ’n paar besluite geneem waarvan lede asseblief kennis moet neem.

a. Ten einde die nuwe ledelys so spoedig moontlik te kan versprei moet die ledegeld voor die einde van Maart 2007 betaal word. Ek versoek dus u samewerking asseblief.
b. Die jaarlikse houtwerk-uitstalling sal die derde naweek in Oktober plaasvind. Dit is weer by die Lions Klub. Spring aan die werk met daardie meesterstukke en vertel vriende en familie daarvan.
c. Die jaareindfunksie sal weer by die Universiteit se proefplaas gehou word. Dit vind plaas op Saterdag, 1 Desember. Maak nou reeds ’n nota.
**d.** Daar is besluit op die afmetings vir Projek Plank, wat met die Junie byeenkoms aangebied sal word. Die mate van die plank is 1800mm x 180mm x 25mm. **Start applying your minds or if that fails – think!**

Tydens die algemene jaarvergadering, toe die jaarprogram se voorstelle ingedien is, was daar heelwat bespreking ten opsigte van Projek Plank en of dit moet voortgaan al dan nie. Die grootste probleem waarom die deelname verlede jaar ietwat kort geskiet het was blykbaar dat lede nie kan besluit wat om te maak nie. Die aanvanklik gedagte met Projek Plank was juis om lede vrye teuels te gee tov. Innovering en oorspronklikheid. Die enigste beperking is die grootte van die hout. Die hele idee is dat dit ’n pret houtwerkoefening moet wees waaraan elke lid verkieslik moet deelneem. Maak net iets, dit hoof nie ’n gebruiksartikel te wees nie. Maak iets snaaks, oorspronklik of daardie dingetjies wat jy of jou wederhelf al lankal wou gehad het. Indien jy glad nie kans sien om buite die kassie te dink nie, is besluit op ’n tema wat gevog kan word. Die tema is Tyd/Time. (Soos in horlosie) Neem asb. net deel en moet nie Projek Plank as ’n straf of vonnis beskou nie maar sien dit as ’n pret uitdaging.

In our daily lives and conversations we often use terminology, idioms and sayings that has something to do with wood, trees or the material that we as woodworkers are so fond of. Without referring to any book I jotted down a few of these that came to mind. They are both in English and Afrikaans and might not originally be in that language.

- A chip of the old block.
- Crawling out of the woodwork.
- It goes against the grain.
- Can’t see the wood for the trees.
- As thick as a plank. (I think this one should be changed to: As thick as a Rugby player. Eish.)
- As jy ’n hond wil slaan sal jy altyd ’n stok kry.
- Hoog in die takke.
- Hardehout; houtgerus; stokperdjie.
- Tussen die boom en die bas.
- Buig die boompie terwyl hy jonk is.
- ’n Lat vir jou eie gat pluk.

There are many more- maybe you should let the editor have some good ones to publish in Tambotie.

As woodworkers we are often asked what sort of final finish should be used for a specific wooden item and what sort of after care should be given to woodwork. I have printed a little notice to advise people how to maintain the turned wooden objects they buy or receive from me. If you are not sure your handiwork will be treated with the necessary care it deserves make sure by giving written instructions and then hope they will be followed. The picture below explains it all.

Have fun with your woodwork. If you can't have fun don't do it.

At Smit

## Draaiers se hoekie

Die laaste draaiers byeenkoms moes op die laaste oomblik verskuif na Willie de Wet se werkplek. Ten spyte hiervan en die feit dat ek dit alweer reg gekry het om die huiswerk vir die gevorderde oues verkeerd aan te dui, het die vergadering steeds baie voorspoedig verloop. (By die gevorderde huiswerk was daar geen "Desk tidy of houers vir afstandbeheerders nie! Dit is my skuld omdat ek nie kan lees nie.)

Tydens die vergadering is almal herinner aan die Hobby Ex wat weer vanaf 8 tot 11 Maart by die Dome in Randburg plaasvind. Sommige van ons lede gaan ook aan die draaidemonstrasies deelneem. Hierdie uitstalling is oop vir die publiek vanaf Vrydag 9 Maart tot Sondag 11 Maart. Dit word vertrou dat sommige van ons lede ook die geleentheid sal bywoon.

We have another turner from abroad coming to South Africa for the AWSA congress, that will be held in Cape Town over the period 27-29 April. At this stage it seems as if we will have her to demonstrate in Pretoria on 16 April. Final details will be given once more information becomes available. (Yes, this year it is a woman, by the name of Bonny Kline, who will be showing techniques on making turned boxes with threaded lids)

Met die bespreking van die huiswerk was daar sommige baie interessante stukke ten toon gestel. (Daar was nie 'n groot aantal stukke nie, dog dit wat daar was, was weer eens van goeie gehalte.

Die eerste stuk wat sommer baie belangstelling en bespreking uitgelok het was die mandjie wat Andrew Burke gemaak het. Dit is baie duidelik dat Andrew werklik 'n lus het om opvallende stukke te maak. Hierdie mandjie se draaiwerk is blykbaar maar net die begin van die poging. Na die draaiwerk is daar hope dinkwerk (om die blokkies reg te laat uitwerk) en net so baie snywerk en afwerking om die effek van 'n mandjie daar te kan stel. Andrew het ook verduidelik dat hy maar 'n redelike probleem gehad het om die kleur egalig te kry.. Hy is egter vol moed dat hy dit in die toekoms beter sal baasraak, hoewel die huidige poging nie werklik vrot was nie.

**Die mooi mandjie van Andrew Burke**.

**Some of the homework; deep hollow forms, hollow forms, foot massagers and goblets with captive rings**

**Dries demonstreer hoe om 'n peer te draai**

Our next turner's meeting will be on 21 March, at Sakkie Hattingh's workshop. Take note that this will be on a public holiday, which means that we have lots of time to do collaborative turning and to really have the opportunity to get things explained in detail, including practical work!

Please make a real effort to do this month's homework. I believe it will be in order if we do what we should have done for February.
Hierdie maand se huiswerk is:

| Beginners | Intermediêr | Gevorderd |
|---|---|---|
| Houtvrugte/eiers, bal | Involuted turning, bakkie met deksel in die vorm van 'n vrug | Desk tidy/ houer vir af-standbeheerders multi centered bowl/round bottom-ed box |

*Dit word vertrou dat die gevorderde ouens nou genoeg het om hulle besig te hou. Red.*

**Tydens hierdie vergadering sal Paul Roberts, Sakkie en Jack Munting, demonstrasies lewer.**

## Advertisements

1. Roger Courtney has a reasonable assortment of inlay strips, imported from America, that may be used to pretty items like guitars or even turned pieces. Anybody interested in such like items can contact Roger for detail on format and price.

2. Monty von Elling is tans besig om sy werkplek 'n bietjie reg te maak sodat hy sy nuwe vryheid mooi kan vier. Hy het die volgende te koop:

1. 2 Silinder Kompressorkop: Lewer ongeveer 220 l/min R800-00

2. 2 Silinder Kompressorkop: Lewer ongeveer 190 l/min R700-00

3. Kompleet Kompressor: Tuis gemaak ong 150lit /min. 60l tenk R700-00

4. Atlas copco compressor tenk 150 l R300-00

Al die items is in 'n puik toestand

## Nuwe lede

Hiermee 'n hartlike welkom aan die volgend nuwe lid wat by die vereniging aangesluit het.

**Naam: Hein Viljoen**
**Adres:** Polarislaan 413, Waterkloofrif X2
**Telefoon:** 012 347 7047 (H) 082 452 1312
**E-pos**: heinv@icon.co.za
**Belangstellings:** draaiwerk, meubelmaak, ou gereedskap, restourasie.

**Naam: Madelein du Plessis**
**Adres:** Plot 658, Zwavelpoort
**Telefoon**: 012 998 0071 (W) 082 515 1824
**E-pos**: madelein@aboutantiques.co.za
**Belangstelling:** Restourasie van antieke meubels

Ons vertrou dat julle sommer baie gemaklik by ons gaan inskakel en jul lidmaatskap terdeë sal geniet.

## Finansiële state

Soos voorheen beloof word die finansiële state hierby ingesluit. (Ons sal dit nie vir die mense van ander verenigings ook aanheg nie aangesien dit hulle seker nie sal interesseer nie en net die leer onnodig lank sal maak.)

## Cabinet makers

### Meubelmakers

Die meubelmakers het hul eerste byeenkoms van die jaar gehad, waartydens die instel van masjiene behandel is. Frans Gericke was in hierdie opsig baie bevoorreg aangesien sy masjiene vir demonstrasie gebruik is en in die proses ingestel is. Ons volgende byeenkoms is op 10 Maart 2007 by Izak van Niekerk te Plot 168, Waterval (012 545 0252 of 083 600 4526) om 09:00. Volg die volgende aanwysings: Ry met die R101 (ou Warmbad pad) noordwaarts. Draai regs by die Ludwigs Roses wegwyser; draai links na 800m. Na 750m maak die pad 'n draai na regs; 100m na die draai is die eerste huis op linkerkant; ry aan tot by die derde huis op linkerkant (Plot 168) en draai daar in. Izak se plot is 16km vanaf Wonderboom.

Tydens die byeenkoms gaan ons gesels oor die anatomie van meubels. Die byeenkoms gaan 'n gesels sessie wees waartydens ons gedagtes, idees en planne gaan uitruil. Kry julle vrae reg.

Die volledige program vir 2007 was by die Februarie Tambotie ingesluit. Nuwelinge kan 'n afskrif daarvan bekom.

Enige lid van die Vereniging is meer as welkom om die Meubelmakers se byeenkomste by te woon.

Danie Venter

REDAKSIE
**Redakteur:** Louw Trichardt
**Adres:** Posbus 50606, Wierdapark, 0149
**Telefoon:** 012 653 1874
**E-pos:** louwmarie@icon.co.za